Aankondiging van jaarresultate

Opsomming van die geouditeerde jaarresultate van die Media24 Beherend-groep vir die jaar geëindig 31 Maart 2016

WELKOM YIZANI

MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer: 2006/021408/07)
(Media24)

OORSIG

Media24 het die afgelope boekjaar 'n sterk finansiële prestasie gelewer. Omset van R8,1mjd was 2% swakker, maar handelswins van R400m was 62% hoër as die vorige jaar. Advertensie- en sirkulasie-inkomste uit drukmedia het verder gedaal – deels as gevolg van strukturele verskuiwings en deels weens die swak Suid-Afrikaanse ekonomie – maar kostebesnoeiings in die volwasse drukmediabedrywighede het handelswins 'n hupstoot gegee. Verdere inisiatiewe word onderneem om die kostebasis te verklein en ons belê steeds om groei in ons digitalemediabedrywighede deur 24.com, in ons aanlynmodebesigheid (e-mode), Spree, en in ons aanlynwerwingsportaal, Careers24, te dryf. Media24 se drukmediabedrywighede kry steeds die wind van voor, met 'n bedrukte ekonomiese klimaat, al strammer verbruikersbesteding en 'n onbestendige wisselkoers wat bydra tot die uitdagings. Ons verwag dat die plaaslike handelsomgewing taai sal bly. Media24 sal waarskynlik nie die huidige verdienstеprestasie op die kort tot medium termyn kan volhou nie.

BEDRYFSOORSIG

Die **Nuus**-afdeling het 'n sterk handelswins aangeteken, hoewel dit grootliks te danke was aan voortgesette koste-besparings te midde van moeilike bedryfstoestande. Die afdeling het die advertensie- en sirkulasiemarkleier gebly. Daily Sun het weereens goeie wins gelewer en Soccer Laduma se bestendige vertoning het gehelp om dalende sirkulasies teen te werk. Plaaslike titels het dubbelsyfer-winsgroei getoon.

Media24 Leefstyl (voorheen die tydskrifafdeling) het winsverwagtings oortref, met stewige bydraes deur die kontrakuitgewer New Media Publishing en ons portefeulje maandelikse tydskrifte. Ons totale markaandeel gemeet aan leserstal het bestendig gebly op sowat 80% (AMPS), en ons het ons advertensie- en sirkulasiemarkleierskap (drukmedia en digitaal) onder die topvyf-uitgewers in die bedryf behou. 75% van toegang tot ons digitale platforms word nou via mobiele toestelle verkry.

Die nuus- en vermaakportaal **24.com** het sy reikwydte uitgebrei en lok nou meer as 13m maandelikse unieke gebruikers oor sy mobiele en webplatforms heen. Meer as 77% van die totale verkeer kom nou via mobiele blaaiers en apps. Ons digitale vlagskip, News24, bly Afrika se gewildste gratis nuus-app op beide iOS en Android. Die Afrikaanse digitale bestemming, Netwerk24, groei vinnig.

Ons **Boeke**-afdeling het sy leiersposisie onder plaaslike uitgewers in die handelsmark verstewig. Verkope van gedrukte boeke was goed, terwyl e-boekverkope in ooreenstemming met internasionale tendense afgeplat het. Plaaslike skoolboekbestellings het gedaal, maar bestellings van skole in Botswana was hoër as die vorige jaar. Van Schaik het ondanks wisselvalligheid in die akademiese mark goeie resultate behaal. Ons het die boekklubbesigheid Leserskring/Leisure Books gedisinvesteer.

Careers24 het, gemeet aan sleutelmaatstawwe, goeie groei getoon in 'n mededingende mark. Ons bied nou spogblaaie vir werkgewers en maatskappy-resensies om die waarde-aanbod aan werkgewers en werksoekers te verbeter.

Ons aanlynmodebesigheid, **Spree**, het nog internasionale handelsmerke bygekry en goeie groei getoon gemeet aan kopers, verkope en ander kernmaatstawwe. Die Android- en iOS-apps het goed gevaar sedert hulle einde 2015 bekend gestel is. On the Dot se **e-vervullingsdiens** (nou deel van ons **e-handelafdeling**) het nuwe kleinhandelkontrakte beklink en gaan voort om in laastemyl-aflewering te belê ten einde gebruikers se ervaring te verbeter.

Die finansiëledata-onderneming **INET BFA** het 'n nuwe weergawe van sy vlagskipplatform, IGraph, suksesvol ontplooi en verkope van sy globale Fronteer-platform in Suid-Afrika en Afrika suid van die Sahara verdubbel.

Ons gaan voort met inisiatiewe om krimpende drukmediavolumes by On the Dot se **medialogistiek**-afdeling teen te werk.

Novus Holdings het bevredigende resultate in sy kerndrukbesigheid behaal en sy eerste digitale drukkery, Novus Print Solutions, op die been gebring. Die groep het investering in sy diversifiseringsprogram verhoog en die mark vir gedrukte buigsame verpakkingsmateriaal betree. As deel hiervan is 'n nuwe diepdruk-rolpers vir verpakkingsmateriaal suksesvol in bedryf gestel. Die uitbreidingsprojek vir sneespapiervervaardiging vorder goed.

DIREKSIE

Op 30 Junie 2015 het Lourens Jonker en Steve Pacak uitgetree as direkteure van Media24 en Media24 Eiendoms Beperk. Die direksies bedank hierdie direkteure graag vir hul waardevolle bydrae tot en toewyding aan Media24. Koos Bekker en Trevor Petersen is onderskeidelik vanaf 1 April 2015 en 1 Julie 2015 as direkteure aangestel. Kort biografiese besonderhede van alle direkteure is op Media24 se webwerf beskikbaar.

FINANSIËLE OORSIG

Die groep se gekonsolideerde omset vir die jaar het met 2% tot R8,1mjd gedaal. Inkomste uit drukwerk was 3% hoër, hoofsaaklik weens bykomende derdepartykontrakte wat deur Novus Holdings verkry is. Die groep se fokus om sy inkomste uit nie-drukmedia te verhoog, het verdere stukrag gekry met wesenlike bydraes afkomstig van e-handelbedrywighede (+31%), digitale advertensies (+11%), digitale intekenings (+68%), ons nuwe leefstyl-TV-kanaal, VIA, en Novus Holdings se belegging in sneespapieraanlegte (+23%).

Advertensie-inkomste het met 7% gedaal, in ooreenstemming met die mark, weens die verskuiwing weg van drukmedia en 'n lustelose ekonomie. Inkomste uit drukmedia-sirkulasie het met 11% afgeneem. Intekenaarinkomste by drukmedia word steeds deur die onstabiele posdiens belemmer. Inkomste uit boekuitgewery en -verkope het met 4% gegroei, gerugsteun deur 'n sterk plaaslike uitgewerslys by Jonathan Ball Publishers (22%-groei jaar tot jaar) en groot skoolboekbestellings in Botswana. Dit is egter teengewerk deur 'n skerp daling in skoolboek- en boekklubinkomste in Suid-Afrika.

Gekonsolideerde handelswins het met 62% tot R400m gestyg. Aansienlike kostebesparings in al ons drukmediabedrywighede en omsigtige besteding by ons groeibesighede het ruimskoots vergoed vir dalings in omset. Novus Holdings het sy handelswins met 7% opgestoot. On the Dot, ons logistiekafdeling, asook ons Boeke-afdeling het 'n stewige ommekeer getoon, terwyl die Nuus-afdeling se handelswins met 13% gestyg het. INET BFA het ook sy handelswins verhoog danksy kostevermindering. Kostebesnoeiings om laer inkomste in ons tradisionele drukmediaportefeulje teen te werk, was steeds 'n sleutelfokuspunt regdeur die groep.

Die groep gaan voort met beduidende beleggings in digitale media, e-handel, aanlynwerwingsadvertensies en ander groeigeleenthede om bedrywighede te diversifiseer. Dit het 'n gepaardgaande kort- tot medium-termynimpak op winsgewendheid.

Die groep se vrye kontantvloei het byna verdubbel teenoor die vorige finansiële jaar. Bydraende faktore was die 20% hoër handelswins (aangepas vir nie-kontantitems); die sterk fokus op bedryfskapitaal, wat invloei met 38% verbeter het; en laer kapitaalinvestering. Dit is gedeeltelik teengewerk deur hoër belasting en laer beleggingsinkomste. Ons program om die vlakke van belegging in bedryfskapitaal in al die afdelings te optimeer, bly 'n sleutelfokusgebied.

DIVIDEND

Die direksie beveel aan dat 'n dividend van R39,3m verklaar en aan aandeelhouers betaal word. Dit is onderhewig aan goedkeuring deur die aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 29 Augustus 2016.

WELKOM YIZANI

Welkom Yizani, wat in 2006 as Media24 se breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigingskema op die been gebring is, het sy aandele in 2013 begin verhandel. Bestaande aandeelhouers kan hul aandele verhandel, terwyl nuwe kwalifiserende aandeelhouers aandele aanlyn of deur Welkom Yizani se inbelsentrum kan koop. As voorkeuraandeelhouer in Welkom Yizani het Naspers Beperk die afgelope jaar ingestem om 32 855 569 voorkeuraandele in Welkom Yizani teen nominale waarde af te los, met die gevolg dat Welkom Yizani se verpligtinge teen jaareinde verminder is met R382 431 843, met 'n ooreenstemmende beperking van Welkom Yizani se toekomstige verpligtinge teenoor Naspers as voorkeuraandeelhouer.

In 2014 het die Registrateur van Sekuriteitedienste (die Registrateur) aangedui dat alle tradisionele toonbank-verhandelingsplatforms soos Welkom Yizani hul bedrywighede ingevolge die Wet op Finansiële Markte, 2012 moet regulariseer. Welkom Yizani bou voort op die positiewe skakeling wat hy tot dusver met die Registrateur gehad het en bly verbind tot voldoening aan enige aanwysings of voorwaardes wat deur die Registrateur uitgereik word. Op 31 Maart 2016 het Welkom Yizani 92 419 aandeelhouers gehad.

Welkom Yizani se algemene jaarvergadering word op 29 Augustus 2016 gehou. Die Welkom Yizani-direksie beveel aan dat 'n gewone dividend van R5,8m (2015: R4,3m) aan gewone aandeelhouers verklaar word. Dit beteken 'n dividend van 40 sent per gewone aandeel (2015: 29,4 sent per gewone aandeel) voor dividendbelasting. Geen voorkeuraandeeldividende sal verklaar word nie (2015: 46,6 sent per voorkeuraandeel). Na aftrekking van dividendbelasting sal gewone aandeelhouers van Welkom Yizani 'n netto dividend van 34 sent per gewone aandeel (2015: 25 sent per gewone aandeel) ontvang. Die verklaring van dividende is onderhewig aan goedkeuring deur die aandeelhouers by die algemene jaar-vergaderings op 29 Augustus 2016.

AANBIEDINGSGRONDSLAG

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state is opgestel uit die volledige stel geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2016. Laasgenoemde is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslag-doeningstandaarde (IFRS) en die Internasionale Finansiële Verslagdoenings- en Interpretasiekomitee (IFRIC) se interpretasies wat uitgereik en van krag was, of uitgereik en vroeg aanvaar is, en op die wyse wat deur die Suid-Afrikaanse Maatskappywet 71 van 2008 vereis word. Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state moet saamgelees word met die volledige stel geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate. Hierdie rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas op al die jare wat weergegee word, tensy anders vermeld.

Handelswins sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ander winste of verliese en ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde vergoedingskoste uit. Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye in hul verslae gebruik word nie.

Die finansiële resultate is opgestel onder toesig van Abduraghman (Manie) Mayman, finansiële hoof van die Media24 Beherend-groep.

Die volledige finansiële jaarstate is beskikbaar op Media24 se webwerf, **www.media24.com**.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Hierdie aankondiging oor die jaarresultate is geoudit deur PricewaterhouseCoopers Geïnk., geregistreerde ouditeur. Hul ongekwalifiseerde ouditmening is op aanvraag gedurende gewone kantoorure by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar (kontakpersoon: Abduraghman (Manie) Mayman). Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. nagegaan nie en hulle het nie daaroor verslag gedoen nie.

Namens die direksie

Rachel Jafta
Voorsitter

Esmaré Weideman
Uitvoerende hoof

Kaapstad
24 Junie 2016

Direkteure
R C C Jafta (voorsitter), E Weideman, G M Landman, S S de Swardt, D Meyer, H S S Willemse, J C Held, A Mayman, J P Bekker, T D Petersen

Groepmaatskappysekretaris
L J Klink

Geregistreerde kantoor
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Oordragsekretaris
Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems (Edms) Bpk
Corlettrylaan 71, Birnam 2196
(Posbus 1266, Bramley 2018)

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN WINS OF VERLIES

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2016 Geouditeer R'm	2015 Geouditeer R'm
Omset	**8 116**	8 250
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	**(5 549)**	(5 739)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	**(2 213)**	(2 273)
Ander verliese	**(70)**	(115)
Bedryfswins	**284**	123
Rente ontvang	**31**	20
Rente betaal	**(23)**	(113)
Ander finansieringskoste	**(23)**	(48)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van geassosieerde maatskappye	**(2)**	(2)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van gesamentlike ondernemings	**22**	29
Wins met verkrygings en verkope	**34**	–
Wins voor belasting	**323**	9
Belasting	**(220)**	(128)
Wins/(verlies) vir die tydperk	**103**	(119)
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**(79)**	(163)
Nie-beherende belang	**182**	44
	103	(119)
Kernwesensverdienste/(verlies) vir die jaar	**21**	(50)
Wesensverlies vir die jaar	**(45)**	(73)

REKONSILIASIE VAN BEDRYFSWINS MET HANDELSWINS

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2016 Geouditeer R'm	2015 Geouditeer R'm
Bedryfswins	**284**	123
Amortisasie van ontasbare bates	**11**	9
Aandeelgebaseerde vergoeding – ekwiteitsvereffen	**35**	–
Ander verliese	**70**	115
Handelswins	**400**	247

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2016 Geouditeer R'm	2015 Geouditeer R'm
Saldo aan die begin van die tydperk	**3 424**	2 335
Verlies vir die tydperk	**(79)**	(163)
Totale ander omvattende inkomste/(verlies), na belasting, vir die tydperk	**6**	(27)
Kontantvloeiskanse	**3**	(6)
Aktuariële hermetingsreserwe	**1**	(24)
Beweging in ander reserwes	**3**	1
Belasting op ander omvattende inkomste	**(1)**	2
Veranderings in ander reserwes	**(233)**	326
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**25**	8
Beweging in bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(4)**	463
Beweging in behoue verdienste	**(9)**	–
Dividende aan aandeelhouers betaal	**(245)**	(145)
Veranderings in nie-beherende belang	**73**	953
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**184**	44
Dividende aan nie-beherende belanghebbendes betaal	**(91)**	(28)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**(20)**	937
Saldo aan die einde van die tydperk	**3 191**	3 424
Bestaande uit:		
Aandelekapitaal en -premie	**4 867**	4 867
Behoue verdienste	**(558)**	(224)
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**96**	70
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(3 584)**	(3 580)
Kapitaalbydrae	**1 077**	1 077
Verskansingsreserwe	**(3)**	(5)
Aktuariële hermetingsreserwe	**(22)**	(23)
Valuta-omrekeningsreserwe	**23**	20
Nie-beherende belang	**1 295**	1 222
Totaal	**3 191**	3 424

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2016 Geouditeer R'm	2015 Geouditeer R'm
BATES		
Nie-bedryfsbates	**3 362**	3 435
Bedryfsbates	**2 608**	2 669
Totale bates	**5 970**	6 104
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes	**3 191**	3 424
Nie-bedryfslaste	**535**	608
Bedryfslaste	**2 244**	2 072
Totale ekwiteit en verpligtinge	**5 970**	6 104

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2016 Geouditeer R'm	2015 Geouditeer R'm
Kontantvloei gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**654**	435
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(331)**	(477)
Kontantvloei (aangewend in)/gegenereer uit finansieringsaktiwiteite	**(296)**	968
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**27**	926
Valuta-omrekeningseffek	**1**	–
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**491**	(435)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**519**	491

BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENSVERDIENSTE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2016 Geouditeer R'm	2015 Geouditeer R'm
Netto verlies toeskryfbaar aan aandeelhouers	**(79)**	(163)
Aangesuiwer vir:		
– Waardedaling van klandisiewaarde/ander bates	**71**	124
– Wins met verkoop van eiendom, aanleg, toerusting en ontasbare bates	**(3)**	(5)
– (Wins)/verlies met verkoop van beleggings	**(32)**	1
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**(1)**	(23)
Totale aansuiwering vir nie-beherende belang	**(1)**	(7)
Wesensverlies	**(45)**	(73)
Aangesuiwer vir:		
– Amortisasie van ontasbare bates (sagteware uitgesluit)	**12**	9
– Valutawins	**30**	17
– Billikewaarde-aansuiwering op verkoopaanspreeklikheid	**–**	(3)
– Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste	**24**	–
Kernwesensverdienste/(verlies)	**21**	(50)

pwc

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR OOR DIE OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE EN ENKEL FINANSIËLE JAARSTATE

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK

Die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state, wat bestaan uit die opgesomde verkorte gekonsolideerde en enkel state van finansiële posisie soos op 31 Maart 2016, die opgesomde gekonsolideerde en enkel inkomstestate, en die opgesomde gekonsolideerde en enkel state van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, is opgestel uit die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk vir die jaar geëindig 31 Maart 2016. Ons het 'n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek oor die gekonsolideerde en enkel finansiële state in ons verslag van 17 Junie 2016. Ons ouditverslag oor die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state bevat 'n paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" (sien hieronder).

Die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state bevat nie alle openbaarmakings wat deur die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet met betrekking tot finansiële jaarstate vereis word nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state kan dus nie as 'n vervanging van die lees van die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk beskou word nie.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel van 'n opsomming van die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state ooreenkomstig die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet soos van toepassing op opgesomde finansiële state, en vir sodanige interne beheer wat die direkteure nodig ag vir die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

Ouditeur se verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n mening oor die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state uit te spreek op grond van ons prosedures, wat ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaard (ISA) 810 "Aanstellings om oor Opgesomde Finansiële State verslag te doen", uitgevoer is.

Mening

Na ons mening is die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state in alle wesenlike opsigte in ooreenstemming met die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk vir die jaar geëindig 31 Maart 2016, waaruit dit opgestel is, ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

P ricewaterhouseCoopers Geïnk., Waterhouse Place, Nr. 1, Century City 7441, Posbus 2799, Kaapstad 8000
T: +27 (21) 529 2000, F: +27 (21) 529 3300, www.pwc.co.za

Hoof Uitvoerende Beampte: T D Shango
Bestuurskomitee: T P Blandin de Chalain, S N Madikane, P J Mothibe, C Richardson, F Tonelli, C Volschenk
Wes-Kaap streek – Vennoot-in-beheer: D J Fölscher
Die Maatskappy se besigheidsadres is te Eglinweg 2, Sunninghill, waar 'n lys van die direkteure se name ter insae is.
Reg-nr. 1998/012055/21, BTW reg-nr. 4950174682

pwc

Ander Verslae wat deur die Maatskappywet vereis word

Die paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" in ons ouditverslag van 17 Junie 2016 verklaar dat ons, as deel van ons oudit van die gekonsolideerde en enkel finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2016, die direkteursverslag en die ouditkomitee se verslag gelees het om te bepaal of daar wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state bestaan. Hierdie verslae is die verantwoordelikheid van die betrokke opstellers. Die paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" verklaar dat ons, op grond van die lees van hierdie verslae, nie wesenlike teenstrydighede tussen hierdie verslae en die geouditeerde gekonsolideerde en enkel finansiële state geïdentifiseer het nie. Die paragraaf verklaar verder dat ons nie hierdie verslae geoudit het nie, en dus nie 'n mening oor hierdie verslae uitspreek nie. Die paragraaf "Ander verslae wat deur die Maatskappywet vereis word" het nie 'n uitwerking op die opgesomde gekonsolideerde en enkel finansiële state of ons mening daaroor nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: H Zeelie
Geregistreerde ouditeur
Kaapstad
17 Junie 2016